

9 April

Skrifgedeelte: 2 Kronieke 20:1-30
Fokusgedeelte: 2 Kronieke 20:3a en 15

Moenie vrees nie

Gelowiges is nie helde nie. 'n Gelowige word ook bang, bang vir die oormag in die stryd. Josafat was 'n gelowige koning, maar hy was bang vir die menigte uit die heidenvolke wat teen hom opgetrek het. In plaas daarvan om, soos die konings van Juda dikwels gedoen het, by sy heidense buurvolke hulp te soek, soek hy, in teenwoordigheid en saam met die hele volk, hulp by die Here. Hy skaam hom nie om openlik uit te kom vir sy hulpbehoewendheid en afhanklikheid nie. So word dit duidelik dat die Gees van die Here in die gemeente werk en dat hierdie oorlog nie hulle saak is nie, maar God s'n. Die vrees word oorwin en maak plek vir vertrouwe wat op 'n verrassende wyse sigbaar word. Die voorste plek in die stryd word nie deur professionele gewapende soldate ingeneem nie, maar deur die "kerkkoor"! Hulle sing die lied van alle liedere in die Ou en Nuwe Testament: Loof die Here, aan sy liefde is daar geen einde nie. En ... die Here voer self die stryd en verslaan die vyand op 'n wonderlike manier!

Ons kan ook as sangers en oorwinnaars stry. Ons moet egter onthou dat die lyde van ons Here Jesus nie dié van 'n held was nie. In Getsemane was Hy ontsteld en beangs, ja, doodsbenoud (Mark 14:33). Maar in oorgawe aan die wil van sy Vader loop Hy hierdie pad *vir ons*, in ons plek. Daarom kan Hy vir ons sê: moenie vrees nie (vgl. Mark 15:15), en in Matteus 28:20 staan daar: Ek is by julle al die dae.

Moenie vrees nie – dit staan glo 365 keer in die Bybel, een keer vir elke dag van die jaar! Paulus herinner ons in die gedeelte oor die wapenrusting van 'n Christen ook heel eerste aan die volgende: Soek julle krag in die Here en in sy groot mag (Ef 6:16) – geopenbaar in die dood en opstanding van ons ewige Koning, ons Here Jesus Christus.

Sing: Psalm 89:7 (1936)

Ds H Dijkstra (Emeritus)